Onderwerp 1

Basiese rekeningkundige beginsels

Na die bestudering van hierdie onderwerp, behoort jy in staat te wees om:

- rekeningkunde te definieer,
- die doel van rekeningkunde te verduidelik,
- te verduidelik en pas die verskillende rekeningkundige konsepte toe,
- die elemente, wat die finansiële posisie sal beïnvloed, te noem,
- die elemente, wat die finansiële resultaat sal meet, te erken.

1.1 Wat is rekeningkunde?

Rekeningkunde kan gedefinieer word as:

- Die proses van insameling en prosessering van finansiële inligting,
- die ordelike, sistematiese aanteken van finansiële transaksies,
- verslagdoening van die finansiële resultate,
- voorsiening van finansiële state as basis vir besluitneming.

Die aard van rekeningkunde:

Rekeningkunde verminder die risiko en onsekerhede wat beleggers en voorsieners van kapitaal in die gesig staar. Dit verskaf toepaslike en betroubare inligting. Inligting wat ‘n ekonomiese impak op die entiteit het word geselekteer, byvoorbeeld die aankoop of verkoop van goedere. Die inligting word deur die rekeningkundige proses geprosesseer.
Boekhouding word gebruik om transaksies in die boeke van eerste inskrywing (hulpjoernale) aan te teken waarna dit na die rekeninge in die algemene grootboek oorgedra word.
Rekeningkunde word gebruik om inligting in verband met die finansies van die entiteit oor te dra. Dit is noodsaaklik dat die gebruikers van finansiële inligting dit moet verstaan, andersins het die inligting geen waarde nie.

Die raamwerk vir die voorbereiding en aanbieding van finansiële state en verskeie ander “International Financial Reporting Standards” (IFRS) is ontwikkel om finansiële state voor te berei en aan te bied op so ‘n manier dat die bruikbaarheid van die finansiële state ten opsigte van besluitneming verbeter word.

1.2 Dubbel inskrywingsbeginsel

Luca Pacioli het die dubbel inskrywingsbeginsel ontwerp waarvolgens 'n:

- krediet inskrywing vir elke debiet inskrywing in die algemene grootboek voltooi word;
- debiet inskrywing vir elke krediet inskrywing in die algemene grootboek voltooi word.

In rekeningkunde verwys debiet na die "kredietkant" van die algemene grootboek rekening, terwyl krediet verwys na die regterkant van die algemene grootboekrekening.

Ons sal aan die algemene grootboek aandag gee in onderwerp 4.

1.3 Klassifikasie van grootboekrekeninge

Die rekeninge in die algemene grootboek word volgens die rekeningkundige vergelyking geklassifiseer. Ons sal die skaal gebruik om hierdie konsep te verduidelik.



Volgens die skaal moet bates aan die linkerkant van die skaal gelyk wees aan die eienaarsbelang en laste aan die regterkant van die skaal. Om bates te koop, moet die besigheid geld gebruik wat deur die eienaar verskaf word of geld leen. Indien die eienaar geld voorsien, word dit eienaarsbelang genoem. Indien geld geleen word, noem ons dit laste.

Eie kapitaal : Wanneer die eienaar die geld voorsien. - Ekwiteit

Geleende kapitaal : Wanneer die geld geleen word. - Las

Volgens die inligting op die skaal, kry ons die volgende vergelyking:

Bates = Eienaarsbelang + Laste

Die verskillende konsepte word in die finansiële state gebruik:

- Inkomste en uitgawes word in die inkomstestaat/staat van omvattende inkomste gebruik om die finansiële resultaat te bereken.
- Bates, laste en eienaarsbelang word in die balansstaat/staat van finansiële posisie gebruik om die finansiële posisie te bepaal.

1.4 Finansiële state

Finansiële state vorm deel van die proses van finansiële verslagdoening en sluit gewoonlik die volgende in:

- Inkomstestaat – inligting oor die entiteit se inkomstes en uitgawes om die wins of verlies vir 'n spesifieke tydperk te bereken.
- Balansstaat – toon die finansiële posisie van die entiteit op 'n spesifieke tydstip:
  - bates word in die eerste gedeelte geopenbaar;
  - ekwiteit (eienaarsbelang) en laste word in die tweede deel van die staat openbaar.

Die **balansstaat** is 'n voorstelling van die finansiële posisie van 'n entiteit op die laaste dag van die finansiële jaar.
Die **inkomstestaat** meet die prestasie (wins of verlies) van 'n entiteit oor 'n bepaalde tydperk.

1.4.1 Elemente van finansiële state

- Elemente wat die finansiële posisie meet: Bates, laste en ekwiteit word in die balansstaat openbaar.
- Elemente wat die finansiële resultaat en winsgewendheid meet: Inkomste en uitgawes word in die inkomstestaat openbaar.

1.4.1.1 Eienaarsbelang

Definisie van ekwiteit

Ekwiteit is die bates of geld deur die eienaar voorsien om die besigheid te begin. Winste verhoog ekwiteit en verliese verminder ekwiteit. Onttrekking van geld, bates of voorraad verminder ekwiteit.

Ekwiteit bestaan uit kapitaal en onttrekkings:

Kapitaal

Wanneer die eienaar geld of bates vir die besigheid gee, vermeerder die eienaarsbelang.

Die eienaar gee geld of bates vir die besigheid.	→	Die besigheid gebruik die geld om bates vir die besigheid te koop.

Onttrekkings

Wanneer die eienaar geld of bates uit die besigheid neem vir sy eie gebruik, verminder die eienaarsbelang.

Die eienaar onttrek geld of bates uit die besigheid.	→	Die eienaar gebruik die geld of bates vir sy eie gebruik.

Inkomste

Inkomste genereer wins en gevolglik verhoog dit die eienaarsbelang in die besigheid, want die eienaar is geregtig op die wins.

Uitgawes

Uitgawes verminder wins en gevolglik verminder dit die eienaarsbelang in die besigheid, want die eienaar ontvang minder wins.

Eienaarsbelang

Eienaarsbelang is die belang van die eienaar in die netto batewaarde van die entiteit. Netto batewaarde is bates min laste.

Eienaarsbelang = Netto batewaarde = Bates - Laste

1.4.1.2 Bates

Definisie van 'n bate:

Bates verwys na besittings van die besigheid en kan in twee kategorieë verdeel word:

- **Nie-bedryfsbates (die waarde/drabedrag sal oor 'n tydperk langer as 12 maande in die toekoms verminder)**
  - Vaste of tasbare bates: Grond en geboue, toerusting, meubels, voertuie.
  - Finansiële bates: Vaste deposito's.
- **Bedryfsbates (die waarde sal oor 'n tydperk korter as 12 maande in die toekoms verminder)**
  - Voorraad (handelsvoorraad, goedere, handelsware en verbruiksgoedere voorhande). Die voorraad wat deur die besigheid gekoop word om 'n wins te maak wanneer dit verkoop, word handelsvoorraad (bate) genoem.
    Die besigheid koop verbruiksgoedere (uitgawe) om in die besigheid te gebruik, byvoorbeeld skryfbehoeftes, verpakkingsmateriaal, skoonmaakmiddels, petrol, olie, verversings. Verbruiksgoedere voorhande aan die einde van die jaar is 'n bate.
  - Handelsdebiteure ('n persoon of besigheid wat geld aan ons besigheid skuld vir goedere op krediet verkoop).
  - Geld in die bank, kleinkas (geld wat gebruik word om klein uitgawes te betaal) en wisselgeld (kleingeld in die kasregister).

Die waarde van nie-bedryfsbates verander langer as 12 maande in die toekoms.
Die waarde van bedryfslaste verander oor korter as 12 maande in die toekoms.
Handelsvoorraad word gekoop met die doel om te verkoop.
Verbruiksgoedere word gekoop om in die besigheid te gebruik.
Handelsdebiteure skuld geld aan die besigheid wat in die toekoms sal lei tot 'n invloei van geld.

1.4.1.3 Laste

Definisie van 'n las:

Laste verwys na die skuld en die besigheid is gevolglik verplig om die skuld in die toekoms te betaal wat sal lei tot 'n uitvloei van geld in die toekoms. Dit kan in twee kategorieë verdeel word:

Nie-bedryfslaste: (die bedrag sal oor 'n tydperk langer as 12 maande in die toekoms betaal word)

- Verbandlening by 'n bank verkry om eiendom aan te koop. Die eiendom word as sekuriteit aan die bank gegee en word oor 'n tydperk van 20 tot 30 jaar terug betaal.
- Langtermynlening is oor 'n tydperk van 12 tot 60 maande terug betaalbaar.

- **Bedryfslaste: (die bedrag sal binne 'n tydperk van 12 maande betaal word)**
  - Oortrokke bank word met die bank gereël wanneer meer geld uit die bank onttrek word as wat in die bank gedeponeer is.
  - Handelskrediteure aan wie die besigheid geld skuld aangesien goedere op krediet aangekoop is. Die bedrag sal oor 'n tydperk van een tot ses maande betaal word.

'n Las is 'n verpligting om vir goedere en dienste op krediet gekoop te betaal waarvolgens die besigheid die verskaffer op 'n sekere datum in die toekoms sal betaal.

1.4.1.4 Inkomste

Definisie van 'n inkomste

Inkomste word ontvang wanneer die besigheid geld ontvang vir goedere verkoop of wanneer dienste gelewer word. Inkomste vermeerder wins.

Voorbeelde van inkomstes:

- Verkope
- Dienste gelewer/Lopende inkomste
- Rente-inkomste
- Kommissie ontvang
- Huurinkomste

Inkomste vermeerder die wins van die besigheid wat eienaarsbelang sal vermeerder, want die eienaar is geregtig op die wins van die besigheid.

1.4.1.5 Uitgawes

Definisie van 'n uitgawe:

Uitgawes veroorsaak 'n uitvloei van geld om vir dienste gelewer te betaal. Uitgawes verminder die wins. Die eienaarsbelang sal verminder, want die eienaar ontvang minder wins.

Voorbeelde van uitgawes:

Koste van verkope	Skryfbehoeftes	Oninbare skulde	Versekering
Aankope	Verpakkingsmateriaal	Kommissie betaal	Salarisse en lone
Huuruitgawe	Verbruiksgoedere	Telefoon	Elektrisiteit
Rente-uitgawes	Petrol en olie	Advertensies	Verversings

Uitgawes word elke maand betaal en verminder die wins en eienaarsbelang.
Inkomste word elke maand ontvang en vermeerder die wins en eienaarsbelang.

Voorbeeld 1

Die volgende inligting is op 31 Desember 2021 van Tinie Winkels verkry.
Die versekeringspremie van R600 is betaal.
Skryfbehoeftes is vir R200 van CAN op krediet gekoop.
Toerusting is vir R4 000 op krediet van Menlyn Toerusting gekoop.
Kommissie ontvang R3 000.
'n EFO is gebruik om R2 000 vir salarisse te betaal.

Verlang

Bepaal die totale bedrag wat as uitgawes, inkomste, bates en laste erken sal word vir die jaar geëindig 31 Desember 2021.

Oplossing

	Uitgawes	Inkomste	Bates	Laste
Versekering	+600		-600	
Skryfbehoeftes	+200			+200
Toerusting			+4 000	+4 000
Kommissie		+3 000	+3 000	
Salarisse	+2 000		-2 000	
	+2 800	+3 000	+4 400	+4 200

Vraag 1

Die volgende inligting is van Larry Winkels vir Junie 2021 verkry:

1. 'n EFO is gebruik om R600 vir die huur van die gebou te betaal.
2. Ontvang 'n faktuur vir R2 000 vanaf Kwaliteit Winkels vir meubels op krediet aangekoop.
3. 'n EFO is gebruik om R3 000 oor te plaas vir voorraad vanaf COM Winkels aangekoop.
4. Reik 'n kwitansie vir R300 uit vir kommissie vanaf Speedy Stores ontvang.
5. 'n EFO vir R280 is vir afleweringskoste aan 'n kliënt betaal.
6. 'n EFO vir R1 800 is oorgeplaas ter vereffening van 'n rekening van Olivetti Winkel.
7. Dienste gelewer volgens die kasregisterrolle, R1 400.

Verlang

Bereken die bedrae wat as uitgawes erken sal word as uitgawes, inkomste, bates en laste vir Desember 2021.

	Uitgawes	Inkomste	Bates	Laste
1.				
2.				
3.				
4.				
5.				
6.				
7.				

Vraag 2

2.1 Noem vier items in jou huis wat as 'n nie-bedryfsbate geklassifiseer word.

2.2 Noem een item in jou huis wat as 'n bedryfsbate geklassifiseer word.

2.3 Noem vier items in julle huishouding wat as uitgawes geklassifiseer word.

2.4 Noem twee items in julle huis wat as 'n inkomste geklassifiseer word.

Vraag 3

Gaan na 'n winkel in julle omgewing en identifiseer 10 artikels. Dui die item, prys en hoe die item in julle huishouding geklassifiseer sal word, aan. Vier items moet as bates en vier items as uitgawes geklassifiseer word.

Voorbeeld: Koeldrank, R14,99

ITEM	PRYS	BATE/UITGAWE
Koeldrank	**14,99**	**Uitgawe**

Vraag 4

Paar die korrekte antwoord in kolom 2 met kolom 1.

Kolom 1		Kolom 2		Antwoord
1.	Bedryfsbates	A.	Lening	
2.	Inkomste	B.	Skryfbehoeftes	
3.	Eienaarsbelang	C.	Toerusting	
4.	Vaste bates	D.	Krediteure	
5.	Uitgawes	E.	Bank	
6.	Finansiële bates	F.	Kapitaal	
7.	Nie-bedryfslaste	G.	Vaste deposito	
8.	Bedryfslaste	H.	Korting ontvang	

Vraag 5

Butly Haarkapper begin op 1 Mei 2021 met ‘n besigheid. Die volgende transaksies is gedurende Mei 2021 aangegaan:

1. Die eienaar deponeer R90 000 in die bankrekening van die besigheid.
2. ‘n EFO vir R30 000 is oorgeplaas vir die aankoop van toerusting.
3. Koop haarprodukte aan vir gebruik in die besigheid op krediet aan vir R18 000.
4. Deponeer R22 000 in die bank vir dienste gelewer.
5. Reik ‘n EFO vir R900 uit om vir elektrisiteit te betaal.
6. Verkry ‘n lening vir R10 000 vanaf ABSA Bank.
7. Gebruik ‘n EFO om R2 000 oor te plaas vir gebruik deur die eienaar.

Verlang

Dui in die toepaslik kolom aan of die transaksies ekwiteit, bates, laste, inkomste of uitgawes beïnvloed.

Voorbeeld 1: Onttrek R1 800 vir lone.

Nr	Ekwiteit	Bates		Laste		Inkomste	Uitgawes
		Bedryfs-bates	Nie- bedryfs-bates	Bedryfs-laste	Nie-bedryfs-laste		
Ex		**Bank**					**Lone**
1.							
2.							
3.							
4.							
5.							
6.							
7.							

Vraag 6

Gebruik die inligting om die korrekte antwoord in Kolom 2 met Kolom 1 te paar. Jy moet slegs die korrekte letter van die alfabet in Kolom 2 verskaf.

Kolom 1		Kolom 2		Antwoord
1.	Bedryfsbates	A.	Langtermyn lening moet oor ‘n tydperk van 5 jaar betaal word.	
2.	Inkomste	B.	Geld deur die eienaar voorsien om die besigheid mee te begin.	
3.	Eienaarsbelang	C.	Bates met ‘n nuttige lewensduur van meer as ‘n jaar.	
4.	Vaste bates	D.	Skuld wat binne ‘n jaar terug betaal moet word.	
5.	Uitgawes	E.	Word gebruik om ‘n transaksie in die rekeningkundige rekords aan te teken.	
6.	Transaksie	F.	Geld ontvang vir dienste gelewer.	

7.	Bedryfslaste	G.	Betaal om die besigheid te bedryf.	
8.	Kapitaal	H.	Bates verhoog of verminder binne een jaar.	
9.	Nie-bedryfslaste	I.	Totale bates min totale laste.	
10.	Brondokument	J.	Handel tussen twee partye.	

Vraag 7

Gebruik die inligting om die korrekte antwoord in Kolom 2 met Kolom 1 te paar. Jy moet slegs die korrekte letter van die alfabet in Kolom 2 verskaf.

Kolom 1		Antwoord	Kolom 2	
1.	Verbandlening		A.	Word gebruik om 'n transaksie in die rekeningkundige rekords aan te teken.
2.	Uitgawes		B.	Skuld wat binne 'n jaar betaal moet word.
3.	Eienaarsbelang		C.	Bates met 'n nuttige lewe van langer as 'n jaar.
4.	Vaste bates		D.	Bates neem toe of neem af binne 'n jaar.
5.	Transaksie		E.	Totale bates min totale laste.
6.	Kwitansie		F.	Geld ontvang vir dienste gelewer.
7.	Bedryfslaste		G.	Verhandeling tussen twee partye.
8.	Bedryfsbates		H.	Skuld wat in 'n tydperk langer as een jaar betaal moet word.
9.	Inkomste		I.	Koste van verkope
10.	Brondokument		J.	Word gebruik as bewys dat skuld betaal is.

1.5 Winsmotief

Winsgewendheid is die vermoë van die besigheid om 'n wins te maak deur die kapitaal, wat in die besigheid belê is, te gebruik. Eie kapitaal word deur die eienaar voorsien. Geleende kapitaal word deur 'n finansiële instelling voorsien.

- Die eienaar begin 'n besigheid met die doel om 'n wins te maak.
- Die **bruto wins** is die verskil tussen die verkoopsprys en die kosprys.
- Nadat al die ander inkomste bygevoeg is en al die uitgawes afgetrek is, kan die **netto wins** bepaal word.
- Die netto wins is die bedrag wat die eienaar ontvang vir sy belegging en harde werk in die besigheid.

Wanneer geld in die bank belê word, word rente op die belegging verkry. Indien geld in die besigheid belê is, word 'n wins op die belegging verkry. Die eienaar wil hê dat die wins so hoog as moontlik moet wees.

Die volgende formule word gebruik om die **opbrengs op belegging** te bereken. Die opbrengs op belegging is die persentasie wins wat die eienaar maak.

$$\text{Winsgewendheid} = \frac{\text{Netto wins}}{\text{Kapitaal}} \times \frac{100}{1}$$

Indien die persentasie wins wat die eienaar maak, laer is as die persentasie rente wat by die bank op 'n vaste deposito ontvang word, is dit nie die moeite werd om met die besigheid aan te gaan nie. Die geld kan eerder by die bank belê word sonder enige risiko of werk om meer geld te verdien.

Voorbeeld 2

Jan Smit, die eienaar van Smit Winkels belê R60 000 in die besigheid as sy kapitaal bydrae. Die volgende inligting vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2021 is beskikbaar:

Dienste gelewer	6 000
Ander inkomste	3 700
Huur	3 700
Ander uitgawes	(4 000
Lone	1 800
Administratiewe uitgawes	1 600
Versekering	600
Netto wins	5 700

Verlang

Bereken die opbrengs op belegging (winspersentasie).

Oplossing

$$\text{Winsgewendheid} = \frac{\text{Netto wins}}{\text{Kapitaal}} \times \frac{100}{1}$$
$$= \frac{5\,700}{60\,000} \times \frac{100}{1}$$
$$= 9{,}5\%$$

Voorbeeld 3

'n Besigheidsman begin twee besighede, Rekenaar Toerusting en Rekenaar Herstelwerk met 'n kapitaal van R20 000 elk. Rekenaar Toerusting verkoop rekenaars terwyl Rekenaar Herstelwerk 'n diens lewer om rekenaars te herstel. Rekenaar Toerusting se netto wins was R8 000 terwyl Rekenaar Herstelwerk 'n wins van R2 000 getoon het.

Verlang

Hoe kan die eienaar besluit of Rekenaar Herstelwerk winsgewend is en of dit gestaak moet word?

Oplossing

Die eienaar sal die winsgewendheid van beide besighede bereken. Die winsgewendheid van Rekenaar Toerusting is hoër as die winsgewendheid van Rekenaar Herstelwerk.

Rekenaar Toerusting	**Rekenaar Herstelwerk**
$\text{Winsgewendheid} = \frac{\text{Netto wins}}{\text{Kapitaal}} \times \frac{100}{1}$ $= \frac{8\,000}{20\,000} \times \frac{100}{1}$ $= 40\%$	$\text{Winsgewendheid} = \frac{\text{Netto wins}}{\text{Kapitaal}} \times \frac{100}{1}$ $= \frac{2\,000}{20\,000} \times \frac{100}{1}$ $= 10\%$

Alhoewel die wins van Rekenaar Herstelwerk 10% is, is dit steeds hoër as die rente wat op 'n vaste belegging ontvang sal word. Hy kan dalk besluit om met Rekenaar Herstelwerk aan te gaan om te sien of die winsgewendheid in die toekoms sal toeneem.
OF
Die eienaar mag besluit om Rekenaar Herstelwerk te sluit omdat die winsgewendheid slegs 10% is en die geld in Rekenaar Toerusting te belê wat 'n wins van 40% getoon het.

Voorbeeld 4 (Vir verryking)

Die volgende inligting was van Stella Winkels verkry.

Kapitaal	R200 000
Verkope	450 000
Koste van verkope	300 000
Huurinkomste	15 000
Rente op vaste deposito	7 000
Administratiewe uitgawes	80 000
Rente op lening	3 000

Voltooi die berekeninge vir die volgende:

(a) Bereken die bruto wins.

Verkope	450 000
Koste van verkope	(300 000)
Bruto wins	150 000

(b) Bereken die netto wins.

Bruto wins	150 000
Inkomste	22 000
Uitgawes	(83 000)
Netto wins	89 000

(c) Bereken die wins persentasie wat by die kosprys gevoeg is.

Bruto wins x 100 Kosprys 1
150 000 x 100 300 000 1
50%

(d) Bereken die winsgewendheid.

Netto wins x 100 Kapitaal 1
89 000 x 100 200 000 1
44,5%

Vraag 8

Bereken die winsgewendheid indien:

(a) Dienste gelewer R60 000 Ander inkomste R14 000
Ander uitgawes R34 000 Kapitale belegging van R100 000

(b) Dienste gelewer R80 000 Netto wins R24 000 Kapitaal R200 000

(c) Lopende inkomste R40 000 Kapitaal R160 000
Ander inkomste R20 000 Uitgawes R24 000

Vraag 9 (Vir verryking)

Die volgende inligting is van Nel Winkels verkry.

Verkope	60 000
Koste van verkope	40 000
Huurinkomste	4 000
Administratiewe uitgawes	7 000
Salarisse	6 000

Verlang

Gebruik die inligting van Nel Winkels om die bruto wins en netto wins te bepaal.

Verkope	
Koste van verkope	
Bruto wins	
Inkomste	
Uitgawes	
Netto wins	

Vraag 10

Die volgende inligting is van Nel Winkels verkry.

Dienste gelewer	62 000
Huurinkomste	4 000
Kommissie ontvang	12 000
Administratiewe uitgawes	12 000
Salarisse	7 000

Verlang

Bereken die netto wins.

Dienste gelewer	
Huurinkomste	
Kommissie ontvang	
Administratiewe uitgawes	
Salarisse	
Netto wins	

1.6 Rekeningkundige siklus

Daar is ‘n verskeidenheid transaksies in ‘n besigheid wat in die finansiële rekords van die besigheid in ‘n spesifieke volgorde aangeteken moet word. Hierdie spesifieke volgorde word die rekeningkundige siklus genoem.

Stap 1	Vir elke transaksie moet ‘n brondokument voltooi word.
Stap 2	Brondokumente word gebruik om transaksies in die hulpjoernale aan te teken.
Stap 3	Aan die einde van die maand moet al die transaksies in die hulpjoernale na die rekeninge in die algemene grootboek oorgeboek word.
Stap 4	Nadat al die transaksies oorgeboek na die algemene grootboek is, moet die rekeninge in die algemene grootboek gesaldeer word. Die saldo’s van die grootboekrekeninge moet in die proefbalans aangeteken word om te verseker dat ‘n dubbelinskrywing vir elke transaksie voltooi is.
Stap 5	Die proefbalans word gebruik om die inkomstestaat en balansstaat op te stel.
Stap 6	Die inligting in die finansiële state word ontleed en vertolk met verhoudings om besluite vir die toekoms te maak.

Rekeningkundige siklus - volgorde

1. Brondokument
2. Hulpjoernale
3. Algemene grootboek
4. Proefbalans
5. Finansiële state
6. Ontleding en vertolking

1.7 Gebruikers van finansiële state

Daar is ‘n verskeidenheid mense wat belang stel in die finansiële state van die besigheid. Hierdie inligting word gebruik om toekomstige finansiële besluite te neem.

1.7.1 Eienaar van die besigheid

Die eienaar benodig die rekeningkundige inligting om te bepaal of die besigheid ‘n wins gemaak het of verlies gely het. Hy sal die inligting gebruik om besluite vir die toekoms te neem om die wins van die besigheid te verbeter.

1.7.2 Finansiële instellings

Wanneer die eienaar aansoek doen vir ‘n lening of oortrokke bankrekening, sal die finansiële instellings die finansiële state nodig hê om te bepaal of die besigheid oor genoeg geld beskik om bedryfslaste, paaiemente op die lenings en rente, op ‘n gereëlde basis te bepaal.

1.7.3 Krediteure

Krediteure sal uit die finansiële state kan bepaal of die besigheid oor voldoende bates beskik om bedryfslaste te betaal. Krediteure sal nie op krediet aan die besigheid verkoop indien hulle nie seker is dat hulle die uitstaande skuld sal kan invorder nie.

1.7.4 Werknemers en vakbonde

Werknemers en vakbonde stel belang om te bepaal of die besigheid winsgewend is om werksekuriteit en salarisverhogings te verseker.

1.7.5 Suid-Afrikaanse Inkomstediens

SAID moet verseker dat die jaarlikse wins korrek aangeteken is sodat inkomstebelasting op die korrekte belasbare inkomste bereken kan word.

1.7.6 Mededingers

Mededingers stel belang om hulle finansiële resultate, met soortgelyke besighede, te vergelyk.

1.8 Ondernemingsvorme

Daar is verskillende soorte besighede, byvoorbeeld:

- Diensondernemings – lewer slegs dienste om ‘n inkomste te ontvang, byvoorbeeld loodgieters.
- Handelsondernemings – verkoop goedere om ‘n inkomste te ontvang, byvoorbeeld ‘n groentewinkel.
- Kombinasie van ‘n diensonderneming en handelsonderneming – verkoop produkte en lewer ‘n diens om ‘n inkomste te ontvang, byvoorbeeld ‘n haarkapper.

Die ondernemingsvorm verwys na die aantal persone wat eienaars van die besigheid is en die prosedures om die besigheid te begin.

- In ‘n eenmansaak behoort die besigheid net aan een persoon. Die eienaar dra al die kapitaal by en ontvang al die winste en is verantwoordelik vir al die verliese.
- ‘n Vennootskap bestaan uit enigiets tussen twee tot twintig vennote. Al die vennote dra by tot die kapitaal, bates en vaardighede. Vennote deel winste of verliese volgens die vennootskapsooreenkoms
- In ‘n maatskappy word aandele aan mense buite die maatskappy verkoop. Al die aandeelhouers is derhalwe mede-eienaars van die besigheid en deel in die winste van die onderneming volgens die aantal aandele wat hulle besit.

Vraag 11

Paar kolom 2 met kolom 1 deur die regte letter van die alfabet in kolom 2 langs die konsep in kolom 1 aan te teken.

Kolom 1		Antwoord	Kolom 2	
1.	Diensonderneming		A.	'n Besigheid wat goedere koop om teen 'n hoër prys te verkoop om 'n wins te maak.
2.	Inkomste		B.	Skuld wat binne 'n jaar betaal moet word.
3.	Eienaarsbelang		C.	Die volgorde waar volgens transaksies in 'n besigheid plaasvind.
4.	Vaste bates		D.	Bates wat binne 'n jaar vermeerder of verminder.
5.	Transaksie		E.	Die besigheid het tussen 2 en 20 eienaars.
6.	Brondokument		F.	Geld ontvang vir 'n diens gelewer.
7.	Bedryfslaste		G.	Uitruiling tussen twee partye.
8.	Bedryfsbates		H.	Die besigheid kan duisende eienaars hê.
9.	Handelsonder-neming		I.	Word gebruik om die transaksies in die rekeningkundige rekords aan te teken.
10.	Rekeningkundige siklus		J.	Totale bates min totale laste.
11.	Vennootskap		K.	'n Besigheid wat 'n diens lewer om 'n inkomste te ontvang.
12.	Maatskappy		L.	Bates wat vir 'n langer as 'n jaar gebruik word.

Vraag 12

12.1 Onderskei tussen 'n diensonderneming en 'n handelsonderneming.

12.2 Onderskei tussen 'n eenmansaak en 'n vennootskap.

12.3 Onderskei tussen 'n inkomste en uitgawe.

12.4 Noem twee mense/besighede wat sal belangstel in die finansiële state van die besigheid. Verduidelik waarom hulle sal belangstel.

12.5 Wat is die verskil tussen onttrekkings en kapitaal?

12.6 Noem twee nie-bedryfsbates.

12.7 Noem twee bedryfsbates.

12.8 Noem twee nie-bedryfslaste.

12.9 Noem twee bedryfslaste.

12.10 Noem drie inkomstes.

12.11 Noem vier uitgawes.

Kortvrae

1. Noem die finansiële staat wat voltooi word om die wins of verlies vir die tydperk te bereken.
2. Noem die finansiële staat wat voltooi word om die finansiële posisie van die entiteit op ‘n spesifieke tyd te bepaal.
3. Kapitaal en onttrekkings bepaal die …… in die besigheid.
4. Noem twee kategorieë bates.
5. Wat word vaste bates, ontasbare bates en finansiële bates genoem?
6. Noem drie bedryfsbates.
7. Wat word ‘n verbandlening en langtermynlening genoem?
8. Noem twee bedryfslaste.
9. Noem drie inkomste items.
10. Noem drie uitgawes.

Oplossings

1. Inkomstestaat
2. Balansstaat
3. Ekwiteit
4. Vaste bates, finansiële bates en bedryfsbates.
5. Nie-bedryfsbates
6. Voorraad, debiteure, bank, kleinkas en wisselgeld.
7. Nie-bedryfslaste
8. Oortrokke bank en krediteure.
9. Verkope, dienste gelewer, rente inkomste, huurinkomste, kommissie inkomste.
10. Koste van verkope, skryfbehoeftes, telefoon, versekering, verpakkingsmateriaal.

Terme en konsepte:

Balansstaat:	Toon die bates, laste en ekwiteit.
Bates:	Bates verwys na die besittings van die besigheid wat ‘n inkomste in die toekoms sal skep.
Bedryfsbates:	Behoort aan die besigheid en die waarde van die bate sal binne die volgende 12 maande verander.
Bedryfslaste:	Die waarde van die las sal binne 12 maande verander.
Debiteure:	Mense of besighede wat geld aan die onderneming skuld vir verkope of dienste op krediet gelewer.
Ekwiteit:	Die belang wat die eienaar in die besigheid het wat vermeerder met inkomste en verminder met uitgawes betaal.
Inkomste:	Inkomste uit verkope of dienste gelewer ontvang wat wins en ekwiteit vermeerder.
Inkomstestaat:	Inligting oor die onderneming se inkomste en uitgawes om die wins of verlies vir ‘n spesifieke tydperk te bereken.
Kapitaal:	Geld wat deur die eienaar aan die besigheid voorsien word.
Krediteure:	Verskaffers wat goedere of dienste op krediet aan besighede voorsien.
Laste:	Verpligting van die besigheid wat in die toekoms betaal moet word.
Nie-bedryfsbates:	Behoort aan die besigheid en die waarde van die bate sal oor ’n tydperk langer as 12 maande in die toekoms verminder.
Nie-bedryfslaste:	Die waarde van die las sal oor ’n tydperk van langer as 12 maande in die toekoms verander.
Onttrekkings:	Geld of bates deur die eienaar geneem vir sy eie gebruik.
Rekeningkunde:	Dit is ‘n sistematiese boekstawing van finansiële transaksies.
Rekeningkundige siklus:	Die volgorde hoe die transaksies in die finansële rekords aangeteken word.
Uitgawes:	Uitgawes word betaal en verminder wins en ekwiteit.